Die leerders kom uit verskillende multikulturele agtergronde wat wissel van moedertale soos Afrikaans, Engels, Tswana, Zulu, Xhosa en so meer.

Oopkodering (Fase 1)

Onderwysers – fokusgroeponderhoud		
1.	Kritiek teen NKV: taalwetenskaplike goed, verskriklike terminologie by veral letterkunde	Hindernisse in AAT-onderrig
2.	Eindeksamen fokus op kommunikatiewe vermoë, maar NKV baie taalwetenskaplik	
3.	Leerderomgewing het heeltemal verander. Baie multikultureel en leerders wat nog nooit met Afrikaans in aanraking gekom het voorheen nie. Hulle moet dit nou as eerste addisionele taal neem, terwyl dit 'n vreemde taal is.	Blootstelling baie min of niks buite skool
4.	Agtergronde en leefwêreld van leerders verskil hemelsbreed van mekaar	
5.	Kopskuif van moedertaalonderrig na addisionele taalonderrig.	"...en weet jy, dis iets wat nogal moeilik is omdat mens gewoon was aan <i>support</i> . Nou

		moet jy skielik 'n omswaai in jou kop maak van huistaal na addisionele taal en daar is geen materiaal wat jou help daarmee nie"
6.	Geen of weinig ondersteuningsmateriaal om hierdie kopskuif moontlik te maak	
7.	Handboeke word volgens NKV opgestel. Implikasie: te moeilik vir meeste leerders, veral dié wat in graad 8 vir die eerste keer met Afrikaans in aanraking kom.	"Daarom glo ek nie daaraan om vragte handboeke aan te koop nie. Koop vir 'n onderwyser 'n naslaanbiblioteek aan sodat hy self daaruit kan kies volgens die belangstellings van sy klas en pas dan die materiaal aan vir sy klas"
8.	Leerdervlakke verskil: leerders wat reeds in laerskool Afrikaans gedoen het en leerders wat nou vir die eerste keer Afrikaans neem.	
9.	Ondersteuningsgebrek oor hoe om bogenoemde probleem te bowe te kom.	
10.	Handboeke kan 'n pes wees. Onderwysers behoort in staat te wees om eie materiaal te ontwikkel. Dit is hoekom hulle opgelei word. Onderwysers moet leer om te kan selekteer wat vir sy/haar klas geskik is.	
11.	Dit is tydrowend om eie materiaal te maak, veral as jy nie net een graad het nie, en selfs dan, moet jy differensieer aangesien nie al die materiaal geskik is vir die volgende klas nie.	"Dit is harde werk om materiaal saam te stel. 'n ou spandeer ure om al daai goed bymekaar te kry wat jy in een les vir een groep moet gebruik"
12.	Addisionele taalonderrig is baie moeiliker as moedertaalonderrig omdat daar nie genoegsame bronne is nie en die leerders nie op dieselfde vlak is nie.	AAT-onderrig is nie 'n kwessie van "one size fits all" nie.
13.	Groepwerk kan slegs in klasperiodes gedoen word, aangesien die kinders nie na skool bymekaar kan kom om sekere opdragte uit te voer nie.	Leerders kom uit verskillende agtergronde. Sommiges bly ver, terwyl ander huiswerk moet gaan doen of sonder ouers grootword. Ouers kan ook nie help met Afrikaans nie – dikwels self ongeletterd
14.	AAT werk veral prakties. Hulle kan nie die taal tegniese strukture hanteer soos moedertaalsprekers nie.	Minder klem op taalstrukture en meer klem op woordeskat en kommunikasie
15.	Addisionele taal moet genotvol wees vir leerders. AAT kan nie afgerig word nie.	
16.	AAT moet op 'n informele basis aangeleer word	Natuurlike proses
17.	Leerders geniet letterkunde die meeste, veral gedigte en kortverhale.	
18.	Leerders sukkel met taalkunde, veral sinskonstruksies	"Hulle sukkel met taalwerk, veral sinskonstruksies...hulle hou nie van taalwerk nie"
19.	NKV is massas werk. Die leerders kan nie bybly nie.	"...jy druk dit in die kind se keel

		af en die kinders word negatief”
20.	AAT moet baie speletjies insluit en aktiwiteite wat geniet word. Dit vat egter tyd.	“Wanneer leerderaktiwiteite speletjies insluit werk die kinders lekker saam en hulle geniet die klasse”
21.	Leerders moet baie eksterne motivering kry. Baie eet nie genoeg by huis nie. Kos kan motiveer. Positiewe ingesteldheid. Onderwyser moet entoesiasies en positief wees.	“En by addisionele taal, beloon die kinders. Ek het nou die dag ’n sak vol <i>Streetwise 2</i> uitgedeel vir hulle goeie werk”
22.	Drilwerk help nie leerders nie. Leerders moet self die taal ontdek. Mondelinge kommunikasie, lees en woordeskat is baie belangrik, terwyl grammatika en letterkunde die minste belangrik is.	
23.	Lesse moet interessant vir die leerders wees.	
24.	Verskillende onderrigmateriaal moet gebruik word, byvoorbeeld prente, video’s, speletjies, bandopnames, tydskrifte, koerante.	“Leermateriaal moet fyn geselekteer word, want dit moet aanpas by die kind se vlak van ontwikkeling en interessant wees sodat dit kan bydra tot die leerder se verwysingsraamwerk”
25.	Tematiese onderrig volgens belangstellingsvan leerders	
26.	Diversiteit van leerders moet in ag geneem word.	
27.	Temas en onderriginhoud moet vir leerders iets daarbuite beteken	“Onderrigmateriaal help die onderwyser om ’n gesonde en stimulerende omgewing te skep”
28.	Onderrig vir AAT moet begin by bekende en werk na onbekende. Die direkte metode en oudiovisuele metode word veral gebruik asook total physical response.	Twee onderwysers gebruik nie die oudiolinguistiese metode nie.
29.	Verskeie handboeke moet gebruik word in onderrigmateriaal. Verskaf standaard.	“ek ondervind dat een handboek nie genoeg inligting bevat nie, daarom integreer ek verskeie handboeke in een les”
30.	Tekste moet waar nodig vereenvoudig word	
31.	Net fragmente van verhale in graad 8 en 9.	“Hulle verloor storielyn en is verveeld omdat hulle nie die woordeskat verstaan nie”
32.	Hele verhaal.	“Verstaan beter as hulle ’n geheelbeeld het”. “Hulle kry die gevoel dat hulle iets vermag het”
33.	Leerders sukkel met woordeskat en spelling. Agtergrondkennis baie min.	
34.	NKV dikwels vaag, onduidelik en dubbelsinnig. Geen aanduiding van ondersteuningsmateriaal.	
35.	Die klasse is steeds groot en maak rolspel byvoorbeeld moeilik.	

Leerders – fokusgroeponderhoud		
1.	Probleme: te min woordeskat of kennis van Afrikaans	
2.	Probleme: hou nie daarvan om woordeboeke te gebruik nie	
3.	Probleme: te lang teks	
4.	Probleme: wanneer onderwyser te vinnig en sag praat	
5.	Probleme: om 'n opstel te skryf is moeilik	
6.	Probleme: grammatika is moeilik	
7.	Probleme: lees is baie moeilik	
8.	Probleme: wanneer ek nie die werk verstaan nie, is dit vervelig	
9.	Hou van stories	
10.	Leerders voel dat tekste hulle woordeskat uitbrei	
11.	Die temas is interessant	
12.	Die handboeke se onderwerpe is interessant	
13.	Elke leerder het 'n handboek	
14.	Gebrek aan woordeskat verhinder praatvermoë	
15.	Min werklike kommunikasiegeleentheid (praat)	“we have group discussions but we cannot speak that well. Yes we would like to be able to speak Afrikaans”
16.	Onderrigmateriaal is interessant.	“the teacher is kind and explain the work clearly”
17.	Ons speel nie speletjies nie	Die onderwysers wat graad 8 en 9 onderrig speel nie speletjies nie. Die ervare onderwyseres (32 jaar ervaring) het baie oulike taalspeletjies wat sy tot met haar matrieks gebruik. Die graad 9-onderwyser gee ook Engels en is baie visueel ingestel in haar onderrig.
18.	Belangstellings: kos, motors, meisies, seuns, beroepe, sport, binnenshuise versiering, natuur, teken, gedigte skryf, musiek, akteurs, toneel	

Observasie en veldnotas		
1.	Klasgrootte: 20-30 leerders	
2.	Die klasse is heterogeen en multikultureel	
3.	Die leerders het verskillende moedertale: Engels, Afrikaans, Tswana, Zulu, Xhosa, Suid-sotho, Pedi, Sjinees.	

4.	Die klasse is baie netjies.	
5.	Banke hoofsaaklik in rye. Een klas was in groepformaat gegroepeer.	
6.	Netjiese effektiewe, funksionele plakkate (meervoude, verkleining) en bronne soos woordeboeke en ander boeke soos storieboeke in boekrakke binne klasse.	
7.	Onderwysers se lêers ook netjies in rakke beskikbaar vir elke jaargroep.	
8.	Helder kleure vrolik die klasse op. Voorwerpe in klas het groot, duidelik sigbare woorde op byvoorbeeld <i>deur</i> , <i>venster</i> , <i>muur</i> .	
9.	Onderwysers is vriendelik, groet wedersyds, gemaklike atmosfeer.	
10.	Woordeskat word hersien voordat les begin.	
11.	Doel van lesse word aangekondig.	
12.	Nuwe woordeskat word vooraf verduidelik asook taalstrukture wat deur die loop van die les gaan voorkom.	
13.	Terwyl teks gelees word, word moeilike woordeskat verduidelik of aan leerders betekenis gegee indien dit vooraf gegee is. Soms lees leerders sekere dele hardop voor.	
14.	Slegs Afrikaans word in die klasse gebruik.	
15.	Swartbord, truprojektor en ander oudiovisuele apparaat word aangewend. Een onderwyseres het haar rekenaar gebruik om outentieke beeldmateriaal aan die leerders te toon (natuurrampe).	
16.	Die leerders geniet die klasse ooglopend en is nie skaam om deel te neem nie.	Onderwysers moedig die leerders baie aan om vrymoedig deel te neem.
17.	Aktiewe deelname word bewerkstellig deur groepskompetisies waarin byvoorbeeld woordeskat of inhoud van teks aan die einde van die periode getoets word. Dit het veroorsaak dat die leerders baie aandag gegee het tydens die les.	
18.	Leerders word ook aangemoedig om aantekeninge af te neem tydens die les. Leerders het 'n skryfboek waarin dit gedoen word. Woordeskat en grammatikale strukture word verduidelik en deur die loop van die les herhaal.	
19.	Al die lesse is teksgebaseer	
20.	Klein klastoetsies oor woordeskat word gereeld gegee. Vrae en antwoorde word deurentyd gegee. Klem word gelê op die uitspraak van woorde en leerders moet dit hardop en individueel herhaal. Vrae is nie net inhoudskennis nie, maar ook probleemoplossend.	
21.	Nieverbale kommunikasie: leerders geniet grotendeels die lesse en neem aktief deel. Hulle vra vrymoedig wanneer hulle nie verstaan nie. Interaksie tussen onderwysers en leerders is gemoedelik.	
22.	Onderwysers werk leerdergesentreerd. Gee leiding waar	

	nodig, maar leerders moet self probeer. Groepwerk word ook aangewend en leerders kan mekaar help.	
--	---	--

Dokumentanalise		
Graad 8		
Graad 9	Tema: Natuurramp – 'n orkaan Misindeks:	Onderwyser gebruik 'n verskeidenheid bronne om modules saam te stel. Elke module bestaan uit 'n leesteks met woordeskat wat aangeleer word, vrae wat beantwoorde word, grammatika, kreatiewe skryfwerk bv. om 'n liedjie of gedig, kort storie te skryf, praat in groepe of individueel oor tema, speletjies.
		Wye verskeidenheid temas, bv. Natuurrampe, koffie, Namibië, kruie, tradisionele Afrika-kunswerke, Ek is bang vir...

BYLAAG C

GEVALLESTUDIE 3 (SKOOL 3)

Digte beskrywing

Die laerskool bestaan uit leerders wat hoofsaaklik uit die nabye township kom. Die oorgrote meerderheid van hulle praat Tswana as moedertaal, maar daar is ook ander moedertaalsprekers. Die klasse is tussen 40 en 50 leerders groot. Twee onderwysers onderrig AAT. Hierdie onderwysers is self moedertaalsprekers van Afrikaans en in hul vyftigs. Beide die onderwysers het oorspronklik Afrikaans as moedertaal onderrig in die hoërskool met meer as twintig jaar ervaring. Nie een van hierdie onderwysers het formele opleiding ontvang in 'n addisionele taal, anders as Engels nie en self ook nie 'n vreemde taal probeer aanleer nie. Hulle het verder ook nie formele opleiding ontvang in laerskoolonderrig nie.

Die klasse is netjies met kleurvolle en funksionele plakkate (byvoorbeeld antonieme en sinonieme, meervoude). Die banke is almal in rye gerangskik.

Die leerders het handboeke, maar mag dit nie huis toe neem nie. Hulle kry ook nie sommer huiswerk nie, omdat die leerders nie die huiswerk doen nie, en omdat die boeke wegraak of vergeet word.

Oopkodering (Fase 1)

Onderwysers – fokusgroeponderhoud		
1.	Die leerders sukkel baie daarmee om die woorde korrek uit te spreek en neer te skryf. Hulle laat dikwels die laaste klanke weg, byvoorbeeld dankie se <i>-ie</i> .	“Hier is baie leerders wat <i>dank</i> skryf i.p.v. <i>dankie</i> ”
2.	Die leerders skryf ook vreeslik verkeerd van die bord of teks af.	Die skryfprobleme kan moontlik wees a.g.v. leesprobleme.
3.	NKV is duidelik “veral omdat mens ervare is en jy weet wat in die hoërskool verwag word, so jy weet waarheen jy op pad is”	Dit is interessant dat die onderwyser self nie in die hoërskool addisionele taal onderrig het nie, maar moedertaal. Ek verstaan dus nie wat sy hier bedoel nie.
4.	Maak onderrigmateriaal self	“Ons moet alles self maak”
5.	Ons gebruik nie die NKV baie nie, ervaring is belangriker.	“Ons kyk nie verskriklik baie na die kurrikulum nie. Ons gaan maar op ervaring”
6.	Tyd is te min	“’n Groot leemte is dat ons te min tyd het om Afrikaans te onderrig. Afrikaans het 3 periodes per week, terwyl Engels as huistaal 7 periodes het”
7.	Leesprobleme	“tekste moet aangepas word, byvoorbeeld <i>groot</i> word vervang met <i>massief</i> omdat dit nader aan die Engelse <i>massive</i>

		is”
8.	Huiswerk word eerder in die klas gedoen.	“Hulle doen nie hulle huiswerk nie, so ek probeer dat hulle hul werk eerder in die klas doen”
9.	Leerders het handboeke, maar dit bly in die klas. Die handboeke is te moeilik vir die leerders.	“Ons gee ook nie handboeke huis toe nie. Ek werk min daaruit omdat hulle nie daardie goed kan lees nie”
10.	Liedjies en speletjies werk nie	“Ek het dit op ’n stadium probeer, maar hulle maak ’n grap daarvan. Dit vat ook baie tyd”. “Eenkeer ’n kwartaal leer ons ’n rympie, maar ons sing nie regtig nie en hulle <i>like</i> eintlik sing”.
11.	Hulle geniet dit om aktiwiteite met beweging te doen	“Ons leer die alfabet deur bewegings, hulle hou daarvan. Dit is vir hulle lekker”.
12.	Die leerders het nie baie selfdisipline nie en dan ontaard die klas gou.	“Maar hulle het ook nie baie selfdisipline nie, so die probleem is dan ontaard die klas in chaos. Jy raak deurmekaar en dan is klasgee ook nie meer lekker nie”.
13.	Indien die klasse kleiner kon wees, kon mens dalk meer uitgerig het.	Groot klasse bly problematies ten opsigte van dissipline en onderrig.
14.	Rolspel en toneelopvoerings is moeilik, omdat die leerders nie oor die hulpmiddels self beskik nie.	Suggestopedia is onder andere nie moontlik vir hierdie onderwysers nie, aangesien die leerders uit te arm omstandighede kom. Tydskrifte en ander leesstof is ook nie toeganklik of beskikbaar nie. Slegs in die klasse waar ie onderwysers dit self bymekaar maak of voorsien.

Leerders – fokusgroeponderhoud		
1.	Probleme: woordeskat	
2.	Probleme: woordbetekenisse en begrip	
3.	Probleme: lees	
4.	Probleme: huiswerk is moeilik. Kan nie alleen doen nie.	
5.	Onderrigmateriaal is interessant, veral stories	
6.	Onderwerpe is interessant	
7.	Ons het handboeke, maar mag dit nie huis toe neem nie	
8.	Prentjies maak die teks makliker en lekker.	
9.	Leerders praat nie baie nie, amper nooit, net om sinne te	

	voltooi of goed te herhaal.	
10.	Geen speletjies word gespeel nie	
11.	Belangstellings: troeteldiere, wilde diere, motors, meisies, seuns, modes, kos, insekte, sport, fliks, cartoons	

Observasie en veldnotas		
1.	Klasgrootte:40-50 leerders	
2.	Verskillende ondersteuningsmiddele soos truprojektors, bandopnemers, swartborde en cd-spelers is beskikbaar.	
3.	Onderwysers gee woordeskat vooraf. Leerders moet dit herhaal en uitspreek. Maak gebruik van voorwerpe of prente om naamwoorde te verduidelik, byvoorbeeld oë, dan moet leerders na oë wys.	Die leerders leer deur die totale liggaam te betrek, bv. hulle sing liedjies, klap hande, voer bewegings uit, kyk na prente en luister ouditief.
4.	Onderwysers gebruik hoofsaaklik die direkte metode waarna die leerders die woorde herhaal en die klanke klank. Die leerders herhaal almal saam en dan word individue gevra.	Beide die onderwysers het opleiding ontvang toe behavioristiese denke aan die orde van die dag was. Werklike kommunikatiewe benaderings word nie gevolg nie.
5.	Mooi duidelike prente word gebruik om woorde te verduidelik.	
6.	Die lesse vind almal in Afrikaans plaas.	
7.	Die leerders geniet die aktiwiteite, byvoorbeeld die bewegings wat in die bepaalde les (My liggaam) ter sprake was.	
8.	Die leerders is aktief by die les betrek.	
9.	Meestal doen die onderwyser die praatwerk, terwyl die leerders luister. Daarna word oefeninge in hulle boeke gedoen.	
10.	Die werk is hoofsaaklik inhoudsgebonde en die vrae is meestal begrip. Min probleemoplossende vrae word gevra.	
11.		
12.		

Dokumentanalise		
	Die onderrigmateriaal word uit 'n wye verskeidenheid bronne saamgestel. Die leerders gebruik hulle handboeke net by die skool.	Die onderrigmateriaal is baie gerig op grammatika. Sluit aan by behavioristiese denke.

BYLAAG D

GEVALLESTUDIE 4 (SKOOL 4)

Digte beskrywing

Die onderwysers by hierdie sekondêre skool was eers onwillig om 'n onderhoud toe te staan, maar het wel ingewillig omdat dit 'n fokusgroep-onderhoud was. Drie onderwysers is verantwoordelik vir die onderrig van AAT. Twee is manlik en onderskeidelik 40 en 43 jaar oud, en die derde onderwyser is vroulik en 50 jaar oud. Almal se moedertaal is Afrikaans. Al die onderwysers beskik oor 'n graad. Nie een onderwyser het opleiding ontvang in 'n addisionele taal nie of 'n addisionele taal, behalwe Engels aangeleer nie.

Die onderwysers gebruik hoofsaaklik die direkte metode vir die onderrig van Afrikaans. Geen prente of enige ander ondersteuningsmidele is in die klasse nie. Die klasse is netjies en skoon, maar vaal. Geen vrolike kleure helder die klasse op nie. Sommige vensters is gebreek. Geen klasatmosfeer word geskep nie, omdat mens nie eers kan sien watter vak in die klas onderrig word nie. Daar is ook nie elektrisiteit in van die klasse nie. Wanneer dit bewolk is, is die klasse redelik donker.

Die banke is in rye geplaas. Elke leerder sit by sy eie bank. Nie al die leerders het 'n handboek nie, terwyl die onderwyser slegs die handboek vir onderrig gebruik aangesien hulle van mening is dat dit eenvormigheid bewerkstellig en die standaard volhou.

Oopkodering (Fase 1)

Onderwysers – fokusgroeponderhoud		
1.	AAT is meer informeel, vir die genot van die leerders en makliker om te onderrig as moedertaal.	Die doel van 'n addisionele taal is nie duidelik nie.
2.	Groepwerk moet meer gedoen word by AAT	
3.	Visuele hulpmiddels is noodsaaklik om begrip by leerders te bewerkstellig.	Ironies ontbreek visuele hulpmiddels totaal in die realiteit.
4.	Leerders moet baie blootstelling kry aan die uitspraak van Afrikaanse klanke	Dit het geensins plaasgevind binne die klassituasie nie.
5.	Metodes van onderrig wat genot bewerkstellig moet meer aangewend word, byvoorbeeld dramatisering, liedjies, rolspel	Geen van hierdie genotvolle onderrig het plaasgevind nie. Die leerders meld dat die onderwyser baie streng is en dat die leerders stil moet wees.
6.	Onderrig-ondersteuningsmateriaal is materiaal wat die handboek kan aanvul	
7.	Onderrigmateriaal moet leerders in staat stel om die werk te bemeester, byvoorbeeld prente, video's, radio.	
8.	Die leerders se vlakke moet vasgestel word deur begripstoetse	
9.	Diversiteit moet ingesluit word in die onderrigmateriaal	"Starting from their own culture that is familiar to them and move towards other

		cultures”
10.	Onderrig moet vanaf die bekende na die onbekende beweeg. Die direkte en oudiolinguistiese metode word veral gebruik (moontlik omdat hulle opleiding daarin was).	Die onderwysers het nie ’n idee gehad wat suggestopedia of total physical response is nie.
11.	Handboeke is uiters belangrik omdat dit eenvormigheid bewerkstellig en volgens die kriteria van die NKV opgestel is.	
12.	’n Verskeidenheid tekste moet in die onderrig gebruik word, bv. koerante, tydskrifte	
13.	Leerders moet genoeg lees om vaardighede soos skryf, spelling en grammatika te bemeester. Woordeskat, grammatika, lees en mondeling is baie belangrik, maar letterkunde die minste belangrik.	Die meeste onderwysers noem dat mondelinge kommunikasie baie belangrik is, maar niemand pas dit toe nie. Moontlik omdat die NKV kommunikatiewe benadering vereis.
14.	Net fragmente is genoegsaam vir lees. Die hele storie is belangrik sodat hulle die totale prentjie kan kry.	
15.	Die grootste probleem in die onderrig van AAT is leerders wat geen agtergrond van Afrikaans het nie en nie Afrikaans wil leer nie.	Hierdie stelling is interessant, aangesien leerders wat Frans of Duits of Tswana vir die eerste keer in graad 8 begin, in elk geval oor geen voorafkennis beskik nie. Die persepsie van die onderwysers is dat die leerders reeds oor bestaande kennis moet beskik.
16.	NKV baie duidelik. Sommige nie saamgestem t.o.v. AAT te vaag.	

Leerders – fokusgroeponderhoud		
1.	Probleme: lees	Min ondersteuning word aan leerders gegee. Daar is nie woordeboeke nie en woordeskat word glad nie vooraf of apart behandel nie.
2.	Probleme: verstaan nie die woorde of betekenis nie	
3.	Probleme: hou nie van toesprake voor klas nie	Die leerders sukkel met uitspraak en woordeskat en kry skaam wanneer hulle voor ’n klas moet praat. Onderwyser baie ongeduldig, dus neem niemand vrymoedigheid om hulp te vra nie.
4.	Temas is interessant	
5.	Temas is moeilik sonder voldoende woordeskat	
6.	Die gebrek aan handboeke maak die werk moeilik – hulle	

	kan nie woorde of reëls opsoek nie.	
7.	Geen woordeboeke nie. Dit maak dit baie moeilik, veral om opstelle of paragrawe te skryf.	
8.	Speel geen speletjies in die klas nie.	
9.	Leer deur die werk te herhaal en te memoriseer	
10.	Die onderwyser doen die meeste praatwerk. Luister meestal net na die onderwyser.	
11.	Baie min visuele hulpmiddels of ander materiaal word gebruik tydens klas.	
12.	Leer min van die verskillende kulture in SA, veral nie Afrikaanssprekendes nie.	
13.	Belangstellings: beroepe, kos, seuns, meisies, troeteldiere, musiek, plekke, insekte	
14.	Leerders wil graag Afrikaans leer praat, maar dis moeilik en hulle praat amper nooit in die klas nie.	

Observasie en veldnotas		
1.	Klasgrootte:40-50 leerders	
2.	Geen plakkate in klasse of enige ondersteunende materiaal. Die mure het geen versiering nie en geen atmosfeer wat bevorderlik is vir leer word geskep nie. Die leë klasse gee geen aanduiding van die vak wat onderrig word nie.	
3.	Die onderwysers gebruik hoofsaaklik die handboek as onderrigmateriaal.	Geen voorafname of woordeskat.
4.	Weinig hulpmiddels soos prente word gebruik.	
5.	Geen truprojektors, cd-spelers of iets word gebruik nie.	
6.	Geen oorspronklike Afrikaanse kunstenaars of akteurs word aan leerders blootgestel nie.	
7.	Leerders kry net in klas met Afrikaans te doen. Buite die skool is weinig blootstelling.	
8.	Die onderwysers behandel 'n teks en dan moet die leerders die vrae daarvoor beantwoord.	
9.	In die klasse is geen teken van ander hulpmiddels soos boeke, tydskrifte of koerante nie.	
10.		
11.		
12.		

Dokumentanalise		
	Afrikaans sonder grense – Mari Lätti en Sonia Gouws	

BYLAAG E

GEVALLESTUDIE 5 (SKOOL 5)

Digte beskrywing

Die klasse bestaan uit tussen 30 en 40 leerders. Die leerders bestaan hoofsaaklik uit heterogene, multikulturele swart en bruin mense. Die leerders se moedertale wissel van Afrikaans, Engels tot Tswana, Zulu, Xhosa, Suid-Sotho en Pedi.

Die banke is in rye geplaas. Elke leerder sit by sy eie bank. Nie al die leerders het 'n handboek nie, terwyl die onderwyser slegs die handboek vir onderrig gebruik aangesien hulle van mening is dat dit eenvormigheid bewerkstellig en die standaard volhou. Die klasse is netjies met min of geen plakkate en visuele ondersteuning nie.

Al die onderwysers se moedertaal is Afrikaans. Die jongste onderwyseres het pas afgestudeer en is wit. Die ander onderwyseresse het ten minste vyftien jaar ervaring en is spesifiek opgelei vir laerskoolonderwys. Nie een van die onderwyseresse is formeel opgelei in die onderrig van addisionele taal nie en nie een het 'n ander taal behalwe Engels as addisionele taal geleer nie. Die onderwysers se ouderdomme wissel van 59, 48,35 tot 22. Die meeste onderwysers het 'n graad en 'n onderwysdiploma. Slegs een onderwyser het net 'n diploma.

Oopkodering (Fase 1)

Onderwysers – fokusgroeponderhoud		
1.	Die grootste probleem in AAT is lees en woordherkenning	
2.	Die kurrikulum se standaard is te hoog vir die leerders se vlakke. Die leerders se standaard is baie laag.	
3.	93% van die leerders het nog nooit met Afrikaans te doen gekry nie. Hulle begin eers in graad 4 met Afrikaans.	Die probleem is moontlik dat die leerders se eie moedertale asook die TVO nie op 'n standaard is wat dit veronderstel is om te wees nie. Daarom sukkel leerders met Afrikaans. Eintlik behoort hierdie leerders almal op dieselfde standaard te wees aangesien niemand nog Afrikaans gedoen het nie.
4.	Aantal periodes per week is te min om AAT voldoende te onderrig	
5.	Gebruik ekstra onderrigmateriaal wat aangekoop word en spesiaal deur buitepersone ontwikkel word. Hierdie materiaal sluit liedjies en ander tegnieke in wat op kasette is.	Onderwysers gebruik egter nie die kasette nie want die bandopnemers breek en die leerders luister nie regtig nie.
6.	Die groot klasse skep 'n probleem om behoorlik te kan onderrig	Groepwerk raak wanordelik omdat klasse te groot is.

7.	Saamgestelde woorde soos kameelperd en weerligstraal is baie moeilik vir die leerders.	
8.	Wanneer leerders nie verstaan nie, verduidelik die onderwysers maar in Engels.	“Ek maak gebruik van omskakeling vanaf Afrikaans na Engels. Klanke sowel as sinne word gebruik.”
9.	Leerders sukkel baie met die Afrikaanse klanke, veral die swart leerders.	“Hulle sukkel verskriklik met klanke soos <i>i</i> en <i>u</i> . Hulle spreek die woorde ook verkeerd uit”.
10.	Die <i>kappie</i> en die <i>deelteken</i> is ook heeltemal vreemd vir die leerders.	
11.	Die werk moet regtig interessant wees vir die leerders sodat hulle kan aandag gee.	
12.	Ja, speletjies en sulke goed geniet hulle baie.	
13.	Drilwerk werk nie, want op die ou einde kan hulle nie self dink om sinne te maak nie. Die direkte en oudiolinguistiese metodes word meestal gebruik.	
14.	Die leerders geniet stories, maar hulle kan nie stories skryf nie.	“Ja hulle geniet stories, maar om dit te skryf is die probleem”.
15.	Die verskil tussen die onderrig van ’n moedertaal en ’n addisionele taal is dat mens baie stadig en duidelik moet praat in die addisionele taal. ’n Mens moet ook dikwels herhaal.	
16.	Verskillende metodes help leerders met verskillende behoeftes.	
17.	Visuele ondersteuning is baie belangrik, asook speletjies.	
18.	Ek gebruik ook tydskrifte, koerante en prente om onderrigmateriaal te maak. Dit hang af van die groep leerders met wie ek werk.	
19.	Leerders moet bewus gemaak word van verskillende kulture, veral die verskille in Suid-Afrika.	
20.	Handboeke verskaf goeie materiaal, veral as daar baie prentjies by is.	
21.	In die begin is gedeeltes van verhale voldoende omdat hulle geen woordeskat ken nie en die klanke vreemd is. Maar dis belangrik dat leerders baie lees en daarom moet hulle later die hele boeke lees.	“Dit help leerders om hulle leesvermoë te verbeter en help hulle met skryfvaardigheid”.
22.	Een van die grootste struikelblokke wat ons het is dat Afrikaans die meeste leerders se derde taal is.	
23.	Groot klasse Leerders wat nie kan lees of skryf nie en dan baie stadig werk	
24.	Die NKV is nie duidelik ten opsigte van AAT nie en is nie eenvormig nie.	
25.	Grammatika, lees en woordeskat is die belangrikste taalkomponente. Letterkunde is nie so belangrik nie. Oral is ook belangrik.	Min geleentheid is waargeneem vir mondelinge kommunikasie. Die enigste mondelinge kommunikasie wat plaasgevind het, was wanneer die leerders vrae moes

		beantwoord.
--	--	-------------

Leerders – fokusgroeponderhoud		
1.	Probleme: lees	
2.	Probleme: hardop lees voor klas	
3.	Probleme: woordeskat	
4.	Probleme: ken geen Afrikaans nie	
5.	Die inhoud is interessant wanneer ek dit verstaan.	
6.	Afrikaans is baie moeilik.	
7.	Die tekste en stories is baie interessant	
8.	Die leerders het almal handboeke	<p>"I like the content of the textbooks".</p> <p>"The themes of the textbook are interesting".</p> <p>"Some themes are boring".</p>
9.	Min werklike geleentheid om te praat	<p>"We only read aloud".</p> <p>"Sometimes we talk in groups".</p>
10.	Geen speletjies in klasse	
11.	Belangstellings: meisies, seuns, motors, sport, troeteldiere, beroepe.	
12.		
13.		
14.		

Observasie en veldnotas		
1.	Klasgrootte: 30-40 leerders	
2.	Klaskamers is netjies en banke in rye geplaas. Geen plakkate of vrolike gordyntjies.	
3.	Leerders is heterogeen en multikultureel. Grootste gros leerders is Tswanasprekendes.	
4.	Leerders kry tekste waarna die onderwyser eers woordeskat verduidelik.	
5.	Moeilike woorde se betekenis in Engels.	
6.	Nieverbale kommunikasie: onderwysers is streng, maar vriendelik en toeganklik	
7.	Les bestaan uit 'n begripstoets. Leerders lees teks saam met onderwyser, dan lees die leerders gevra om sekere dele te lees en uiteindelik lees individuele leerders.	
8.	Handboek: Afrikaans sonder grense – Lätti en Gouws.	
9.	Ander onderrigmateriaal: Future Entrepreneurs.	
10.	Afrikaans word meestal in klasse gebruik	
11.	Leerders wat die woordeskat verstaan, geniet die lesse meer as leerders wat niks of min verstaan nie.	
12.	Passiewe leerders is moontlik die leerders wat nie verstaan nie	

BYLAAG F

GEVALLESTUDIE 6 (SKOOL 6)

Digte beskrywing

By hierdie hoërskool is twee AAT onderwysers. Die 42-jarige onderwyseres het glad nie Afrikaans as vak gehad nie, maar kan Afrikaans praat en het 17 jaar onderwyservaring. Die 35-jarige onderwyser praat Afrikaans en het sewe jaar onderwyservaring. Die onderwysers se uitspraak van Afrikaans is nie goed nie en hulle sukkel om sinne goed te konstrueer. Beide die onderwysers het onderwysdiplomas en kollege-opleiding ontvang.

Die klasse is redelik groot, met tussen 40 tot 50 leerders in een klas. Daar is geen plakkate of enige ander versiering in die klasse nie en die mure is almal roomkleurig. Die leerders bly die hele dag in een klas, terwyl die onderwysers die verskillende vakke aan hulle kom onderrig. Die leerders het nie handboeke nie. Die onderwysers verskaf tekste aan die leerders waarmee hulle dan werk. Slegs die onderwysers het elkeen 'n handboek. Die lesse is meestal handboekgeoriënteerd.

Oopkodering (Fase 1)

Onderwysers – fokusgroeponderhoud		
1.	Die grootste probleem rakende AAT is dat die leerders geen Afrikaans ken nie	
2.	Ondersteuningsmateriaal vir AAT is ook nie beskikbaar nie.	"We don't have enough teaching aids for the learners".
3.	Genoeg handboeke vir die leerders is ook 'n probleem	
4.	Visuele hulpmiddels moet beskikbaar gestel word om onderrig te vergemaklik. Hulpmiddels soos koerante en tydskrifte.	
5.	Ons het nie storieboeke nie en die biblioteek het net Engelse boeke.	
6.	Die handboeke (Afrikaans sonder grense) het nie Tswanawoorde in om leerders te help nie.	
7.	Die leerders sukkel om te verstaan wat in die teks staan.	"They lack comprehension"
8.	Die temas moet relevant wees vir die leerders, anders gee hulle nie aandag nie.	
9.	Om Afrikaans te praat is 'n groot probleem vir die leerders. Hulle kan goed doen in begripstoetse, maar hulle kan nie praat nie.	"They give the right answers in comprehensions, but when it comes to oral, they can't speak".
10.	Werkswinkels vir Graad 8 en 9 kan baie help.	"If the education department could start with workshops from grade 8, then we can improve our teaching skills"
11.	Daar is geen verskil in die onderrigmetodes vir moedertaal en addisionele taal nie	"No difference"
12.	Uitspraak verskil baie.	
13.	Kulturele diversiteit moet aandag kry	"it can help learners to participate effectively in the teaching and learning situation"

14.	Handboeke is baie belangrik, want dit moedig selfstandige leer aan by leerders. Dit bied interessante en relevante inligting	"Afrikaans sonder grense has very interesting and relevant information"
15.	Die hele storieboek moet gelees word omdat lees leerders se uitspraak en begrip verbeter.	

Leerders – fokusgroeponderhoud		
1.	Probleme: lees	
2.	Probleme: hardop lees voor klas	
3.	Probleme: woordeskat	
4.	Probleme: ken geen Afrikaans nie	
	Probleme: spelling	
	Probleme: die klanke klink almal dieselfde	
	Probleme: kan nie die onderwyser hoor nie	Dit kan wees dat die klanke almal dieselfde klink vir die leerders
8.	Die tekste is interessant, maar as ek nie verstaan nie, is dit vervelig	
9.	Almal het nie handboeke nie	
10.	Prente en woordbetekenisse help om die werk te verstaan	
11.	Te lang tekste is moeilik om te verstaan	
12.	Leer nie om te praat nie	
13.	Doen net grammatika, lees en skryf	
14.	Geen speletjies word in die klas gespeel nie.	
15.	Die onderwyser praat die meeste, terwyl ons moet luister.	
16.	Belangstellings: meisies, seuns, kos, diere, troeteldiere, beroepe, sport, musiek, dans, die toekoms	

Observasie en veldnotas		
1.	Klasgrootte: 40-50 leerders	
2.	Klaskamers is netjies en banke in rye geplaas. Geen plakkate of vrolike gordyntjies.	
3.	Leerders is heterogeen en multikultureel. Grootste gros leerders is Tswanasprekendes.	
4.	Onderwysers wissel terwyl leerders in dieselfde klas bly.	
5.	Geen onderrighulpmiddels soos truprojektors, rekenaars of audiovisuele apparaat word gebruik nie	
6.	Baie Engels word gebruik deur onderwyser.	Te veel Engelse verduideliking. Dit stem nie ooreen met onderwyser wat Tswanawoorde in handboeke wil byvoeg om woordbetekenisse te verskaf nie. Die leerders se moedertaal is in elk geval nie net Tswana nie en daarom sal Tswanawoorde nie veel help

		indien die leerders een van die ander Afrikatale as moedertaal het nie.
7.	Onderwysers se Afrikaans is nie goed nie, veral die uitspraak van woorde en sinskonstruksies.	
8.	Onderwysers is oor die algemeen vriendelik.	
9.	Lesse word beplan volgens handboek.	Leerders het nie self handboeke nie en ontvang fotostate waarvandaan hulle moet werk.
10.	Leerders doen nie groepwerk nie.	Dalk te groot klasse.
11.	Onderwyser onderrig direk. Praat baie. Lees die teks voor en vra dan individuele leerders om sekere gedeeltes of sinne te lees. Leerders passief, beantwoord vrae mondelings en dan skriftelik. Leerders lees gedeeltes sonder om werklik te verstaan wat gelees word. Hulle sukkel geweldig met die uitspraak.	Onderwysergesentreerd. Geen aansluiting by die leerders se verwysingsraamwerk word gemaak nie. Geen woordeskat word vooraf aan leerders bekendgestel nie. Die leerders het duidelik nie hulp gekry ten opsigte van die verskillende klanke in Afrikaans nie. Die klanke verskil baie tussen Afrikaans en Afrikatale. In beide Afrikaans en Afrikatale kom daar klanke voor wat onbekend is vir moedertaalsprekers.
12.	Onderwysers begin nie met woordeskat nie en werk nie tematies nie.	Volg die handboek slaafs na. Geen ekstra hulpmiddels om die werk toeganklik te maak, word gebruik nie. Geen woordeboeke is beskikbaar nie.
13.	Grammatikale strukture wat in tekste voorkom word nie behandel nie.	
14.	Leerders se leesvermoë is baie swak en hulle uitspraak.	
15.	Die tema was troues in verskillende kulture.	Diversiteit
16.		

Dokumentanalise

	Die enigste onderrigmateriaal wat die onderwysers gebruik het gedurende die observasie, was die handboek Afrikaans sonder grense – Mari Lätti en Sonia Gouws.	
--	---	--

BYLAAG G – KATEGORIEË

FASE 2 – AKSIALE KODERING

Gefokusde kodering (aksiale kodering) beteken die vermindering van die data wat tydens die eerste fase (oop kodering) uitgehaal is deur die identifisering en kombinering van hierdie data na groter kategorieë wat die onderskeie kodes saambind, byvoorbeeld die negatiewe punte van AAT by die onderwysers en die leerders kan saamgekategoriseer word onder negatiewe aspekte. Bailey (2007:129) noem in hierdie verband: *“Your goal in focused coding involves moving from a fairly literal code (zipper) into a more conceptual one (closure items). Focused coding also involves hunting for specific targets”*. Eers wanneer al die individuele gevalle gekodeer en weer gekodeer is, word kruiskodering tussen die verskillende gevalle gedoen om verskille en ooreenkomste uit te lig (Bailey, 2007:155). Kruiskodering (*cross-case comparison*) word gedoen om die geldigheid van die resultate te versterk (Lichtman, 2011:113-114). Hierdie kruiskodering vereis gefokusde aandag en word gedoen deur eers twee gevalle te vergelyk, waarna die volgende geval weer gekodeer word en dan vergelyk word met die eerste twee. Hierdie proses word herhaal totdat al die gevalle voltooi is (Bailey, 2007:155).

Kodering kan verbeter word deur rou materiaal van die veldnotas en transkripsies op te gradeer na 'n vlak waar insig tot stand kom ten opsigte van die situasie. Hierdie vlak betrek ook aansluiting by vorige navorsing op hierdie gebied of onderwerp, asook teoretiese konsepte en dit dan vergelyk met jou bevindinge.

Tydens hierdie fase is die 22 temas wat in die eerste fase gekodeer is, gekategoriseer in 7 voorlopige kategorieë. Dit kan soos volg voorgestel word:

	Kategorieë	Subkategorieë	Aantekeninge
1.	Onderrigmetodes	Strategieë	Direkte metode algemeen
2.	Onderrighulpmiddels	Bronne Oudiovisueel	
3.	Interaktiewe kommunikasie in klas	Kodewisseling Kommunikasie met foute Nieverbaal Kultuur	
4.	Aktiwiteite	Vaardigheidskomponente CAPS Temas Leerdersbehoefte	
5.	Negatiewe aspekte	Moedertaal CAPS (NKV) Blootstelling	
6.	Onderrig- ondersteuningsmateriaal	Inhoud Belangstelling Doel Persepsies van onderwysers	
7.	Probleme in taalkomponente	Spelling Woordeskat Grammatika Uitspraak	Bitter min woordeskat word vooraf gegee. Slegs twee onderwysers het hoegenaamd gefokus op woordeskat en

		Praat Lees	bykans niemand het aandag geskenk aan uitspraak nie. Slegs een onderwyser het grammatika is gedoen tydens observasie. Die leerders moes die grammatika afskryf en indril.
			By leesoefeninge is daar geen aandag gegee aan hoe leerders moet lees nie. Ook hier is uitspraak grootliks geignoreer. Die woordeskat by leestekste is hoofsaaklik gedoen deur die woorde na Engels te vertaal.

BYLAAG H – VERGELYKENDE ANALISE

	Kategorieë	Subkategorieë	Geval 1	Geval 2	Geval 3	Geval 4	Geval 5	Geval 6
1.	Onderrigmetodes	Strategieë	Hoofsaaklik direkte onderrig en oudiolinguisties	Meer interaksie en selfwerkzaamheid word van leerders verwag. Die onderrig is ook meer kommunikatiefgerig.	Direkte onderrig	Direkte onderrig. Oudiolinguisties	Direkte onderrig en oudiolinguisties	Direkte onderrig
2.	Onderrighulpmiddels	Bronne	Verskillende handboeke en ander bronne met geskikte onderrigmateriaal, woordeboeke. Al die leerders het 'n handboek. Onderwysers ontwikkel eie materiaal.	Verskillende handboeke en ander bronne met geskikte onderrigmateriaal, woordeboeke in klas beskikbaar. Al die leerders het 'n handboek. Onderwysers ontwikkel eie onderrigmateriaal.	Leerders het 'n handboek om in klas te gebruik, maar mag dit nie huis toe neem nie. Onderwysers gebruik verskillende bronne vir onderrigmateriaal wat hulle self ontwikkel	Nie elke leerder beskik oor 'n handboek nie. Onderwysers gebruik slegs Afrikaans sonder grense en materiaal wat deur buite-instansie ontwikkel is. Geen woordeboeke nie.	Slegs Afrikaans sonder grense. Onderwyser ontwikkel nie eie materiaal nie. Geen woordeboeke.	Leerders het nie handboeke nie. Onderwysers gebruik slegs Afrikaans sonder grense en ontwikkel geen onderrigmateriaal self nie. Geen woordeboeke beskikbaar.
		Oudiovisueel	Leerders luister soms na liedjies.	Oudiovisuele hulpmiddels word gebruik, bv. video's, liedjies, powerpoint met videomateriaal.	Soms word liedjies gespeel	Geen	Geen	Geen
3.	Interaktiewe kommunikasie in klas	Kodewisseling	Slegs sekere konsepte en huiswerkopdragte	Slegs Afrikaans. Soms word woordbetekenisse in Engels verduidelik.	Sekere woorde word in Engels verduidelik.	Baie verduideliking in Engels.	Baie verduideliking in Engels	Baie verduideliking in Engels
		Kommunikasie	Leerders word	Leerders word	Leerders	Leerders praat	Beantwoord	Beantwoord vrae

		met foute	aangemoedig om te praat.	aangemoedig om te praat deur speletjies en kompetisies.	herhaal die werk en voer bewegings ook uit. Min werklike kommunikasie, meestal word vrae beantwoord.	nie self nie; beantwoord vrae en herhaal sekere taalstrukture en woorde.	vrae en herhaal werk. Bykans geen mondelinge werk word gedoen nie. Geen geleentheid om te praat nie.	en herhaal werk. Bykans geen mondelinge werk word gedoen nie.
		Nieverbaal	Leerders lyk redelik entoesiasies, onderwysers is vriendelik en vol energie. Leerders wat nie verstaan nie en veral sukkel met lees is meer passief.	Onderwysers is entoesiasies oor vak en skep toeganklike atmosfeer. Leerders werk geredelik saam.	Die leerders werk redelik saam, maar wil nie individuele vrae beantwoord nie. Een onderwyser het baie energie, maar die ander is redelik passief.	Die onderwysers is streng en bied min geleentheid vir leerders om te praat.	Leerders is redelik bang vir die kwaai onderwyser. Onderwyser is baie ongeduldig en leerders nie gemaklik. Hou nie baie van Afrikaans nie.	Sommige leerders neem deel, terwyl ander redelik verveeld en passief sit. Die onderwyser is nie kwaai nie, maar les is redelik vervelig.
		Kultuur						Die tema het geleentheid gebied vir kulturele interaksie, maar is ongelukkig nie so aangebied nie.
4.	Aktiwiteite	CAPS						
		Vaardigheidskomponente						
		Temas	Wye verskeidenheid, oor die algemeen aangepas by	Wye verskeidenheid wat integreer met	Wye verskeidenheid,	Interessante temas wat by	Geen temas is gebruik,	Geen tema oor 'n bepaalde

			leerderbelangstelling	ander vakke en belangstellings van leerders betrek	funksioneel bv., my liggaamsdele, stories	belangstellings van leerders pas	behalwe dié in handboek, maar geen addisionele temas	lesreeks. Slegs handboekgedrewe
		Leerdersbehoefte s	Aangepas	Aangepas	Aangepas	Aangepas	Nie noodwendig	Nie noodwendig
5.	Negatiewe aspekte	Moedertaal	Multikulturele agtergronde.	Multikulturele agtergronde.	Multikulturele agtergronde.	Multikulturele agtergronde.	Multikulturele agtergronde.	Multikulturele agtergronde
		NKV	Te vaag, gee nie werklike leiding oor wat van onderwysers verwag word nie. Uitkomste swak en assessering vaag.	Vaag- onderwysers weet nie presies wat van hulle verwag word nie. Min ondersteuning.	Te vaag en daarom word dit eintlik geïgnoreer	Bied geen ondersteuning en werklike riglyne nie.	Geen ondersteuning en riglyne oor presies wat gedoen moet word nie.	Te vaag met geen ondersteuning. Weet nie wat om te doen nie.
		Blootstelling	Bitter min leerders het blootstelling aan Afrikaans gekry.	Baie min leerders het blootstelling aan Afrikaans gekry.	Bitter min blootstelling aan Afrikaans.	Meer leerders het blootstelling aan Afrikaans, maar steeds baie swak.	Min blootstelling aan Afrikaans	Bykans geen blootstelling aan Afrikaans.
6.	Onderrig- ondersteuningsmateriaal	Inhoud	Hoofsaaklik teksgebaseer. Doen wel formele grammatika met drilwerk. Bykans geen mondeling word gedoen nie. Geen formele woordeskatonderrig nie. Addisionele OOM word gebruik	Baie min mondelinge werk. Tematies en teksgebaseer. Geen formele woordeskatonderrig nie. Addisionele OOM word gebruik.	Soms is dit teksgebaseer, maar meer gestruktureerd. Geen formele woordeskatonderrig nie. Baie drilwerk en baie oefeninge waar taalstrukture gebruik moet word, maar nie kommunikatief	Onderrig hoofsaaklik beperk tot aangekoopte lesse wat wel al die komponente bevat, maar mondelinge aktiwiteite word grotendeels uitgelaat en beperk tot een mondeling	Slegs handboekgedrewe. Mondelinge word grotendeels vermy en geen addisionele ondersteuningsmateriaal word gebruik nie.	Slegs handboekgedrewe. Mondelinge word grotendeels vermy en geen addisionele ondersteuningsmateriaal word gebruik nie.

					aangewend word nie. Addisionele OOM word gebruik.	toespraak per kwartaal. Geen ander OOM word gebruik nie.		
		Belangstelling	Neem belangstelling van leerders in ag. Sommige temas wel vervelig vir leerders	Neem belangstelling van leerders in ag. Integreer met ander vakke.	Neem belangstellings in ag.	Interessante temas wat by belangstellings inpas.	Leerders vind temas nie altyd boeiend nie.	Sommige temas is boeiend, ander vervelig.
		Doel						
		Persepsies van onderwysers	Sommige besef harde werk in add. taalonderrig. Ander sien dit as net bietjie makliker as moedertaal.	Die meeste besef AAT is harde werk en op 'n ander vlak as huistaalonderrig.	Sien AAT as dieselfde as huistaalonderrig , net makliker.	Sien gebrek van blootstelling aan Afrikaans as negatief.	Ongeduldig met die feit dat leerders geen blootstelling het aan Afrikaans nie. Is van mening dat leerders beter sou vaar as hulle agtergrondkenn is van Afr. Het	Onderwysers sien gebrek van blootstelling aan Afrikaans negatief.
7.	Probleme in onderrigkomponente	Spelling	Onderrig informeel	Gee geredelik aandag aan spelling	Onderrig informeel	Baie min aandag aan spelling	Baie min aandag aan spelling	Baie min aandag aan spelling.
		Woordeskat	Onderrig informeel. Begin nie met woordeskatontsluiting nie.	Gee woordeskat vooraf. Verduidelik dit weer gedurende les.	Onderrig soos dit voorkom in teks. Geen vooraf onderrig.	Onderrig soos dit voorkom in teks. Geen vooraf onderrig. Vervang woorde soos reusagtig	Amper geen aandag aan woordeskat. Gee ekwivalente in Engels.	Amper geen aandag. Vertaal bloot woorde in Engels.

						met massief.		
		Grammatika	Onderrig formeel. Leerders skryf reëls af in werkboeke en moet dit herhaal.	Onderrig formeel soos dit voorkom in temas.	Baie min formele taalonderrig	Geen	Geen	Geen
		Uitspraak	Fokus slegs daarop indien dit in teks voorkom en leerders bv. lees	Gee aandag aan uitspraak, maar vergelyk nie met uitspraak in moedertale.	Slegs indien dit in teks voorkom.	Sekere klanke word aan leerders formeel geleer.	Geen formele onderrig	Geen formele onderrig. Onderwysers sukkel self met uitspraak van klanke.
		Praat	Min mondelinge geleentheid. Leerders haat dit om voor klas te praat.	Geleentheid vir mondelinge toesprake of terugvoer van groepwerk. Moeilik vir leerders.	Geen mondelinge gesprekvoering	Geen	Geen	Geen
		Lees	Leerders moet dikwels voor klas of individueel lees. Sukkel baie met lees.	Lees individueel en as klas saam. Sommige leerders sukkel baie.	Leerders kan nie lees nie.	Leerders sukkel geweldig met lees.	Leerders sukkel baie met lees en onderwyser baie ongeduldig	Leerders probeer lees, maar onsuksesvol.

BYLAAG I – SEMI-GESTRUKTUREERDE VRAE (ONDERWYSERS)

Onderhoudskedule:

Verwelkom die onderwysers en bedank almal vir hulle bereidwilligheid om tyd en kennis op te offer vir die navorsing.

Vrae word interaktief beantwoord en bespreek binne die fokusgroep.

1. Hoe oud is u?
2. Wat is u moedertaal?
3. Hoe lank onderrig u al Afrikaans Addisionele Taal?
4. Het u spesifieke opleiding ontvang vir die onderrig van 'n addisionele taal?
5. Waar het u u opleiding ontvang?
6. Wat is u kwalifikasie?
7. Hoe selekteer u die onderrigmateriaal?
8. Watter onderrigmetodes gebruik u om te onderrig?
9. In watter mate maak u gebruik van die Kurrikulum ten opsigte van die onderrig van AAT?
10. Is die Kurrikulum duidelik rakende die inhoud wat aangebied moet word?
11. Is die Kurrikulum duidelik rakende die onderrig van AAT?
12. Is die Kurrikulum duidelik rakende die onderrigbenadering(s) wat gevolg moet word?
13. Is die Kurrikulum duidelik rakende die metodes of maniere waarop onderrig moet word?
14. Wat is vir u die grootste tekortkoming van die Kurrikulum?
15. Watter probleme ondervind u ten opsigte van die klassituasie, byvoorbeeld die leerders?
16. Maak u gebruik van liedjies, speletjies, stories, gedigte as onderrigmateriaal?
17. Laat u leerders byvoorbeeld as ander karakters in die klas optree?
18. Laat u leerders liggaamsbewegings doen om byvoorbeeld klanke of woorde uit te beeld?
19. Maak u gebruik van visuele prente of ander hulpmiddels?
20. Hoe stel u woordeskat aan die leerders bekend?
21. Hoe onderrig u leesvaardigheid?
22. Maak u gebruik van 'n handboek?
23. Watter?
24. Het elke leerder 'n handboek?
25. Dink u dat die aantal onderrigtyd genoeg is?
26. Wat dink u is die rede waarom leerders Afrikaans neem?
27. Wat is die grootste struikelblok wat die leerders ondervind in die aanleer van AAT?

BYLAAG J – SEMI-GESTRUKTUREERDE VRAE (LEERDERS)

Onderhoudskedule:

Verwelkom die leerders en bedank almal vir hulle bereidwilligheid om deel te neem aan die navorsing.

Vrae word interaktief beantwoord en bespreek binne die fokusgroep.

1. Hoe oud is julle?
2. Wat is julle moedertaal?
3. Hoekom het julle Afrikaans geneem as vak?
4. Het julle elkeen 'n handboek?
5. Geniet julle die temas (*topics*) wat julle in Afrikaans doen?
6. Hou julle van die manier waarop die onderwyser onderrig?
7. Wat moet julle gewoonlik in die klas doen (Hoe verloop die les?)
8. Kry julle baie tyd om met mekaar te praat in die klas?
9. Lees julle baie in die klas?
10. Moet julle die werk afskryf en memoriseer?
11. Hoe leer julle nuwe woordeskat?
12. Gebruik julle woordeboeke?
13. Wat wil julle met Afrikaans doen?
14. Watter onderwerpe sou julle graag wou leer in Afrikaans?
15. Wat is julle belangstellings?
16. Wat is julle gunsteling fliek of TV-program?
17. Hou julle van taalkunde (*grammar*)?
18. Leer julle oor die Afrikaanse kultuur?
19. Moet julle soms opvoer (*act*) in die klas?
20. Praat die onderwyser baie in die klas?
21. Speel julle ooit taalspeletjies?
22. Luister julle na liedjies?
23. Werk julle baie in groepe?
24. Waarvan hou julle nie in die Afrikaanse klas nie?
25. Geniet julle die onderrigmateriaal?

BYLAAG K – TOESTEMMING VAN ONDERWYSDEPARTEMENT

17/03 2010 14:37 FAX 0182946094

APO POTCHEFSTROOM

→ FAX EMAIL

001



education

Lefapha la Thuto
Onderwys Departement
Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

Private Bag X 919
Potchefstroom
2520
Tel: 018-297 4201
Fax: 018-294 6094
E-mail: Syssele@nwpg.gov.za
Dpretorius@nwpg.gov.za

DR KENNETH KAUNDA DISTRICT

POTCHEFSTROOM AREA OFFICE

OFFICE OF THE AREA OFFICE MANAGER

TO: MS C. DU TOIT
NORTH WEST UNIVERSITY

FROM: MS S.S. YSSEL
AREA MANAGER
POTCHEFSTROOM

DATE: 17 MARCH 2010

SUBJECT: **PERMISSION TO VISIT SCHOOLS IN THE POTCHEFSTROOM AREA
FOR RESEARCH PURPOSES**

The above matter refers.

Permission is herewith granted to you to visit the schools identified in Potchefstroom Area under the following provisions:

- the activities you undertake at school should not tamper with the normal process of learning and teaching;
- you inform the principal of your identified school of your impending visit and activity;
- you provide my office with a report in respect of your visit;
- you obtain prior permission from this office before availing your findings for public or media consumption.

Wishing you well in your endeavour.

MS S.S. YSSEL
AREA MANAGER
POTCHEFSTROOM

A01041 ip

"A vibrant, top achieving region offering accessible quality education"
"Business unusual. All Hands on Deck to speed up Change"

BYLAAG L – TOESTEMMING VIR NAVORSING BY SKOLE (Leerders)



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-1111/2222

Web: <http://www.nwu.ac.za>

Faculty of Education

Tel: (018) 299 4725

EEmail Christine.Dutoit@nwu.ac.za

9 April 2010

Dear Learner

PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDY

I am doing a research project to benefit learners and teachers with the teaching and learning of Afrikaans as Additional Language. Would you please take part in group interviews at school regarding your attitude towards the teaching support materials and methods used in the teaching of Afrikaans. I would also wish to conduct an observation of the classes with regard to the interaction between you and the teachers. I have received permission by the Department of Education in the Kenneth Kaunda District.

All the interviews will be done in confidentiality. No names of the learners, the teachers or the school will be mentioned. You are welcome to contact me with any enquiries regarding the research.

Yours sincerely

Christine du Toit
Researcher

Please sign underneath and send back to the Afrikaans teacher.

I _____(learner) give my permission to take part in interviews regarding Afrikaans Additional Language with Mrs. C du Toit.

Signed

Date

CHRISTINE.DUTOIT

BYLAAG M – TOESTEMMING VIR NAVORSING BY SKOLE (Hoof)



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-1111/2222
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Faculty of Education
Tel: (018) 299 4725

E-Mail Christine.Dutoit@nwu.ac.za

9 April 2010

Dear Principal

PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDY

I am doing a research project to benefit learners and teachers with the teaching and learning of Afrikaans as Additional Language. Would you please allow the teachers and learners of Afrikaans Additional Language to take part in group interviews at school regarding his/her attitude towards the teaching support materials and methods used in the teaching of Afrikaans. I would also wish to conduct an observation of the classes with regard to the interaction between the learners and their teacher. This observation need to be done in one class of each grade. I have received permission by the Department of Education in the Kenneth Kaunda District.

All the interviews will be done in confidentiality. No names of the learners, the teachers or the school will be mentioned. You are welcome to contact me with any enquiries regarding the research.

Yours sincerely

Christine du Toit
Researcher

Please sign underneath and send back to the Afrikaans teacher.

I _____, Principal of _____ give permission to partake in the research regarding Afrikaans Additional Language with Mrs. C du Toit.

Signed

Date

CHRISTINE.DUTOIT

BYLAAG N – TOESTEMMING VIR NAVORSING BY SKOLE (Onderwysers)



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-1111/2222
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Faculty of Education
Tel: (018) 299 4725

E-Mail Christine.Dutoit@nwu.ac.za

9 April 2010

Dear Teacher

PERMISSION TO TAKE PART IN PHD STUDY

I am doing a research project to benefit learners and teachers with the teaching and learning of Afrikaans as Additional Language. Would you please take part in group interviews at school regarding your attitude towards the teaching support materials and methods used in the teaching of Afrikaans. I would also wish to conduct an observation of the classes with regard to the interaction between you and the learners. The observations needs to be done in one AAL class of each grade. I have received permission by the Department of Education in the Kenneth Kaunda District.

All the interviews will be done in confidentiality. No names of the learners, the teachers or the school will be mentioned. You are welcome to contact me with any enquiries regarding the research.

Yours sincerely

Christine du Toit
Researcher

Please sign underneath.

I _____, teacher of AAL am willing to take part in interviews regarding Afrikaans Additional Language with Mrs. C du Toit and let her do observation in my class.

Signed

Date

CHRISTINE.DUTOIT

**BYLAAG O – COLT SE OBSERVASIE-SKEMA, AANGEPAS DEUR SPADA EN FRÖHLICH (1995)
en aangepas vir hierdie studie deur Du Toit.**

Gevallestudie 2 (Skool 2) – Graad 9 AAT

Class size	Kleiner klasse – tussen 20 en 30 leerders. Heterogene en multikulturele klasse. Leerders praat tot sewe verskillende moedertale : Engels, Tswana, Zulu, Xhosa, Suid-Sotho, Pedi, Sjinees.
Looks	Baie netjies. Banke in rye, een klas se banke was in groepformaat gegroepeer. Baie mooi en effektiewe plakkate teen mure. Netjiese gordyne met sigbare bronne soos woordeboeke en ander storieboeke van Afrikaans in boekrakke in klasse. Onderwysers se lêers in rak duidelik sigbaar vir elke jaargroep.
Visual attraction	Helderkleurige plakkate. Objekte is gemerk met Afrikaanse name, bv. venster, deur, muur. Plakkate oor klanke, meervoude, verkleiningsvorme, ens. kom voor.

Teacher language and interaction with learners	Onderwysers skep 'n gemoedlike atmosfeer en almal groet eers die leerders en vra hoe dit gaan. Al die onderwysers is moedertaalsprekers van Afrikaans
Non-verbal signals	Vriendelik, gemoedelik dog ferm. Toeganklik vir leerders.
Aims and content of lesson	Doel van lesse word aangekondig, soms aan begin en soms eers na 'n interessante inleiding. Woordeskat oor inhoud van les word hersien voordat les begin.
Methodology	Woordeskat word vooraf verduidelik asook sekere taalstrukture. Onderwysers lees teks terwyl hulle sekere woordeskat verduidelik of aan leerders vra wat sekere woorde wat reeds in die inleiding verklaar is, nou weer beteken. Leerders mag ook sekere dele hardop lees. Slegs Afrikaans word gebruik in klasse.
Support material used	Swartbord, truprojektor en ander oudio-visuele hulpmiddels word gebruik. Rekenaar en powerpoint word aangewend om konsepte en woorde aan leerders te verduidelik, bv. een onderwyser het aan die

	leerders gewys hoe aardbewings en ander natuurrampeverwoesting saai deur prente d.m.v. powerpoint aan leerders te toon.
The language of the materials	Afrikaans
Reality as reflected by the materials	Baie goed gereflekteer
Appeal to the learner's affect	Leerders geniet die klasse omdat hulle sekere konsepte en woordeskat kan sien d.m.v. visuele beelde.
Scope for choice/disagreement	Die inhoud word na die leerders toe gebring sodat hulle begrip kan vorm. Visuele beelde versterk die prentjie wat hulle beter laat verstaan en onthou. Omdat onderwysers moeite doen met voorbereiding, is leerders geneig om beter aandag te gee.
Quality of learner's interaction	Leerders neem aktief deel. Hulle moet byvoorbeeld kompetisiespel kan doen na afloop van 'n les waarin hulle woordeskat en begrip van die teks getoets word. Dit is in groepe gedoen. Die leerders het dit baie geniet en was ywerig om elkeen se groep te laat wen. Dit het tot gevolg gehad dat die leerders baie aandag tydens lesse gee.
What teacher does	Van die begin af word leerders betrek. Leerders moet tydens die les aandag gee om in staat te wees om verdere aktiwiteite te kan doen
What learners do (response)	Leerders word aangemoedig om notas te neem tydens lesse. Probleemoplossende vrae word tussendeur gevra aan leerders rakende die inhoud van die lesse. Woordeskat en grammatikale strukture word vooraf verduidelik en deurentyd herhaal soos dit in die teks voorkom. Al die lesse is teksgebaseer. Klein klastoetsies oor onder meer woordeskat word ook dikwels gegee. Leerders het 'n boek waarin woordeskat ingeskryf word en hulle moet self die betekenis in woordeboeke opsoek. Vrae en antwoorde word ook deurentyd verskaf. Leerders moet sekere aspekte van die les as groep of individueel hardop herhaal. Uitspraak kry ook aandag.
Non-verbal signals	Leerders is positief en aktief betrokke by lesse. Hulle neem die vrymoedigheid om vrae te vra en aan te dui wanneer hulle nie verstaan nie. Die onderwyser ken die leerders goed, want sy weet watter leerders ekstra aandag nodig het.
Task Analysis	
Activities	Die leerders moet vooruit lees en woordeskat neerskryf en opsoek wat hulle nie verstaan het nie. Die gedeelte is dan in die volgende les deurgegaan. Teen die einde

	<p>van die verhaal is die klas in groepe verdeel en het hulle gekompeteer rakende inhoud en die verhaalelemente. Woordeskat en taalstrukture is ook betrek. Hulle moes byvoorbeeld die betekenis van sekere woorde kon gee, antonieme of sinonieme</p>
Teacher role + learner role	<p>Die onderwyser werk leerdergesentreerd, m.a.w. lei die leerders, maar die leerders moet self doen. Leerders moet aktief betrokke wees, anders laat hulle hul groepslede in die steek</p>
Setting	<p>Leerders werk in groepe om mekaar te ondersteun. Die groep kan mekaar help om die vrae te beantwoord. Die vrae is egter nie net inhoudelik nie, maar is probleemoplossend gerig.</p>

**BYLAAG P: CD – VOORBEELDE VAN ONDERWYSER- EN LEERDERONDERHOUDE EN
OPNAMES VAN TWEE VOORBEELDSKOLE (Skool 2 en 6)**

Bylaag P

Voorbeelde van onderwyser- en leerderonderhoude en observasies

Inhoudsopgawe

Onderwysersonderhoude
Leerderonderhoude
Observasies

1
26
30

Voorbeeld van onderwysersonderhoude

Skool 2

1

Skool 6

17

Skool 2

	Inhoud	Notas
1	Onderhoudvoerder: Met my geluk doen ek dit nog. Maar dit gaan eintlik maar oor ek wil net nou uitvind met hierdie goed, is daar iets in die kurrikulum wat, wat nie vir julle ooreenkom met dit wat mens moet doen nie, of dat hulle baie onduidelik is met die kurrikulum en nie vir jou regtig hulp gee nie?	
2	Respondent 1: Dit is nou net by die addisionele taal ne?	
3	Onderhoudvoerder: Ja asseblief Loura.	
4	Respondent 1: By my moet ek sê, dat wat nie werk by eerste addisionele taal nie, is al die onsettende taalwetenskaplike goedjies wat geskryf staan en ook by die letterkunde, die verskriklike terminologie. Vir 'n addisionele taal kind gaan dit oor die inhoud.	
5	Respondent 2: Ek voel, addisionele taal, wil jy hom op die ou end uitstuur in die straat en werksomgewing en hy moet die taal kan gebruik, so wat my betref, hierdie formele taal is heeltemal oordoen. Dink ek.	
6	Respondent 1: Ja nee, dit is so.	
7	Onderhoudvoerder: Ek stem nogal saam. Dit voel vir my daar is half, in die een kant sê hulle vir jou jy moet kommunikatiewe benadering volg, maar dan sê hulle ook vir jou dit moet teksgebaseerd wees en dan moet jy al hierdie goed doen in die taal. So iewerste voel dit vir my iemand het die kat aan die stert beet.	
8	Respondent 1: Dit is wat die probleem is. By die letterkunde, veral taal verskriklike, dieselde tipe terminologie as wat jy by die huistaal het. Dit is onmoontlik.	
9	Onderhoudvoerder: Dit is wat Elbie ook vir my gesê het, want ek sê vir haar huistaal en eerste addisionele taal is so, en dan whoops hier iewers onder, hier doer onder lê tweede addisionele taal, maar daar is 'n groot gaping, en die twee is te naby aan mekaar. Veral as mens neem, wat ek vir haar ook gesê het, mens begin in graad 8, baie van die kinders, die eerste keer met Afrikaans. Nou is dit vir hulle 'n vreemde taal, nou verwag hulle dat daardie kinders dieselfde standaard kry in vyf jaar wat 'n ander kind 18 jaar	

	vat om te bereik. Ek verstaan dit nie.	
10	Respondent 1: Dit is waar. Die ironie is, dit is wat die kurrikulum sê, maar die matriek eindeksamen vraestel sê dit nie. Die matriek eindeksamen vraestel is nog steeds kommunikatief.	
11	Respondent 2: Wat ek nou nogal ondervind, as ek onthou toe ek 1987, 1988 matriek addisionele taal gehad het, het ek 'n lelieblanke klas voor my gehad. Wit kinders, wat tog nog in aanraking was met Afrikaans. Hulle pa's en ma's was Afrikaans gewees. So hulle het baie daarmee in aanraking gekom, en die kurrikulum het verander van toe. Nou het jy jou umm, leerderomgewing het heeltemal verander. Maar die inhoud het niks verander.	
12	Respondent 1: Maar weet jy wat was interessant. Toe ek destyds tweedetaal vraestelle gemodereer het, toe is dit nou net met daardie oorgang, toe is daar 'n dame wat by Grenville Hoërskool skoolhou. Toe sê sy vir my, ma hoekom maak ek dit so maklik, hoekom tree ek die tree terug. Toe sê ek vir haar, want sy moet onthou sy sit, Girls High se dogters verskil 'n wêreld van Bospoort se plaasskool, en daarom moet ons daarom iewers in die middel by mekaar uitkom. En dit is presies wat jy nou sê. Maar ons moet net oppas hierdie kinders het nog steeds 'n redelike sterk Afrikaans agtergrond. Want soos die hoofdogter, sy bly by haar ouma, nou haar ouma is 'n kleurling wat Afrikaans praat. So hulle kom in aanraking, op ander maniere. Hulle is nie op dieselfde vlak nie.	
13	Respondent 2: Van skool wissel dit so, want vat nou die groepie wat ek by Wonderfontein gehad het, is 'n radikaal swakker as hierdie kinders. Hulle leefwêreld is nog baie meer Afrikaans as hierdie kinders. Dit verskil, hulle is 50 km uitmekaar uit.	
14	Onderhoudvoerder: En die politieke agtergrond kan ons ook nie weg gooi nie, want as dit 'n radikale klomp is, dan is hulle in elk geval negatief, al maak jy wat.	
15	Respondent 1: Ja nee dit is die waarheid.	
16	Onderhoudvoerder: Daar is ook nie eintlik iets van die 'support materials' nie. Julle moet alles self verskaf en kry? Behalwe nou die voorgeskrewe werk.	
17	Respondent 2:	

	<p>En weet jy wys, dit is iets wat vir my nogal moeilik is, want veral 'n ou was gewoon, waar ek ook vroeër was, ek het support gehad. So nou moet skielik van huistaal daai omswaai in jou kop maak om nou onder te gaan. Jy weet nie mooi hoe nie, en die materiaal is nie daar om vir jou te sê, om jou te help, watse tipe goed moet ek vir die kind gee om hierdie tipe werk te doen nie</p>	
18	<p>Respondent 1: Watse tipe materiaal praat jy van?</p>	
19	<p>Onderhoudvoerder: Dit is nou jou onderrigmateriaal wat jy gebruik. Of jou tekste wat jy gaan gebruik.</p>	
20	<p>Respondent 2: Handboeke? Ja maar kyk nou, jy kan ook nie. Nou vind 'n ou partykeer dat daai handboeke wat jy gebruik is, ek sal nou nie sê, ja die standaard is te hoog vir die kinders. Ek moet afkom. Ek moet nog sak voor ek by daardie standaard van die ou kan kom. Nou moet jy nog sak. Nou moet jy amper begin dink soos 'n laerskool onderwyser, en umm jy weet dit is nou waar die kreatiewe ding inkom en so, maar ek voel net 'n ou moet bietjie meer ondersteuning hê. Om net vir jou 'n beter aanduiding te gee, 'n kinders wat op so vlak is gebruik hierdie en hierdie tipe goed. Dit is wat ek voel is 'n tekort.</p>	
21	<p>Respondent 1: Ja maar onthou jy gaan dit nooit kan sien as 'n tekort nie, want die departement ontwikkel derduisende handboeke. Hulle kry mense wat dit doen, maar nou ek het grootgeword waar ons, ons eie materiaal moes ontwikkel. En daarom, die studente wat by my klas kry ontwikkel hulle eie goed, want 'n handboek kan 'n pes word. Dit is wat ek en sy oor gesels het. Eintlik is onderwys die ontwikkel van jou eie materiaal. Dit is nie die departement of wie ook al se Job om dit te doen nie. Jy moet jou eie ondersteuningsmateriaal ontwikkel. Daarom moet jy 'n seleksie maak. Daarom glo ek nie daaraan om vragte handboeke aan te koop nie. Ek sê koop vir 'n onderwyser 'n naslaanbiblioteek aan. Vat dit na sy klas toe, hy selekteer vanuit daai perspektief, kies hy, hy maak 'n seleksie en dan pas hy dit by sy klas aan. Dit is wat ek vir Christine sê, mense moet leer om op hulle voete te dink. As ek nou sit met daardie huistaal klas en ek sien my maat nie Viva nie, nie piekfyn nie, nie halleluja, Amen werk vir my klas nie, dan moet ek gaan sit. Want dit is waarvoor ek</p>	

	gekwalfiseerd is. Ek het die bronneverwysings in my kop om dit te kan doen. Dit is harde werk, maar vir 32 jaar is dit hoe ek werk.	
22	Respondent 2: Maar wat ek net nog steeds sê, dit sal 'n ou 'n bietjie kan help as jy net 'n bietjie van daai goed ook kry. Dit is soos jy sê, dit is harde werk, 'n ou spandeer ure om al daai goed bymekaar te kry wat jy in een les vir een groep moet gebruik. En as jy net so bietjie, jy hoef nie alles te kry nie, maar net 'n bietjie wat jy kan gebruik.	
23	Respondent 1: Jy sien dit is hoekom ek vir daai studente die goed so laat ontwikkel het. Want snaaks genoeg, hulle dink soos ons. Hulle dink saam met ons en hulle gaan kyk na 'n ding wat nie lekker kan werk nie. Hulle werk nog op die grondvlak, op die maklike vlak. So mens moet dan maar dit wat vir jou gegee word net verder ontgin. Dit is nie altyd maklik nie.	
24	Onderhoudvoerder: Maar ek dink tog tyd is 'n baie belangrike aspek wat julle nie altyd het. Want in die literatuur sê hulle, mense wat ondersteuningsmateriaal ontwikkel, moet, dis eintlik 'n professie op sy eie. Want jy moet soveel goed gaan kyk. Jy moet gaan kyk op watter vlak is die kind, op watter vlak is hierdie teks. Om dit bymekaar te bring. Want hulle het ook gevind, dat baie keer is die tekste of te moeilik, of te maklik, en jy weet nie altyd nie. Maar ek kan ook verstaan dat mens nie dit kan ook nie resepte daar sit nie. Kinders verskil.	
25	Respondent 1: Dit is die gefoeter, want nou kom hulle hier in Potchefstroom, nou sê hulle gebruik piekfyn handboeke. Nou weet julle, dan maak ek piekfyn handboeke oop, dan beseft ek ag weet jy wat, almal maak 'n grappie, want by Gimnasium werk hulle vir onderskeidings, by my werk ek om 'n kind te laat slaag. En dan kan ek die onderskeiding kry. So dit is maar 'n kwessie van in hierdie beroep is ongelukkig nie 'n 5min Job nie. Jy moet tye vir jouself opsy sit daarmee. Maar as 'n mens, as dit in 'n mens se speen eers is, dan is die nie so moeilik nie, dit kom vanself. Maar as mens 'n handboekgedrewe mens is, dan sukkel jy. Maar die kern vir my is, wat 'n mens in gedagte moet onthou, mens moet dit nie as 'n meulsteen sien nie. Eintlik is dit 'n fantastiese uitdaging. Ek hou daarvan, dit is die verskil. Ek het myself geforseer al om daarvan te hou, so ek sien dit nie regtig as moeite nie. Daai	

	<p>kinders maak my nou, ek moet 'n plan sien, en ek hou van planne. So dit is maar 'n persoonlikheid situasie, en dit het ek al vir hulle in die vakvergadering gesê jy kry mense wat ongelukkig of gelukkig of ek weet nie wat jy dit noem nie, hulle self bereid verklaar om te sê dat ek gaan volgens hierdie reseppie werk. Daar is niks daarmee verkeerd nie, maar dit maak dit vir jouself partykeer moeilik, omdat jy dan nie buitekant daardie boksie beweeg nie.</p>	
26	<p>Respondent 2: Ek dink 'n ander ding is, ek sien nou byvoorbeeld by die voorgeskrewe werk dat, ek praat nou spesifieke van my _____ vraestel. Wat ek nou net al hoe meer agterkom, is nou okay ons het laas vir die vakadviseer gevra, hy het toe nou vir ons gesê dat jy nie alles hoef te doen nie, maar jy moet van elke genre darem iets hê. Maar nou wat ek sien by die kinders. Nou doen jy, ons het nou ons kortverhaal soos jy vanmore gesien het. Nou werk hulle vir my hofsaak uit, dan moet hulle die dialoog doen oor die hofsaak, die hele proses. Maar wat nou gebeur met ons kinders en dit is 'n skoolsituasie. Hierdie kinders van my kan ek nie voor sê julle moet bymekaar kom en dit by die huis gaan doen in groepe nie. Ek moet preodes gebruik om dit te doen. Met ander woorde nou sit ek omtrent 'n week en 'n half na twee weke op een kortverhaal. Ek het 8 wat ek moet doen. Partykeer dink ek hulle hou nie tred daarmee nie, nou goed mens moet riglyne hê, maar op die manier waarop ons dit moet doen om by daardie kinders se vlak uit te kom, jy kan nie net die boek lees en die vergelykings en goed uithaal en jy is klaar met die les nie, jy weet jy het al die ander goed om dit doen. Dit vat soveel langer, wat sal maak dat jy nie deur jou sillabus kom nie.</p>	
27	<p>Respondent 1: Jy sien jy werk volgens die letter van die wet. Die ding kom maar, as jy jare se ervaring het, dan begin jy vir jouself leer. Dit is hoekom ek graag wil hê 'n mens moet van Graad 8 af jou groep vat tot by matriek. Want dan weet jy waarmee jy besig is. Dan besef jy, goed dit is my letterkunde, ek kan in Graad 10 'n filmstudie doen, ek het nie tyd in graad 11 om een te doen nie. So of ek besluit ek doen die, een of twee genres per jaar, dan het ek dit gehanteer, want ek gaan hierdie kinders deurvat soontoe, so ek is bewus van die feit, ek het die filmstudie in Graad 10 gedoen, in Graad 11 kan ons</p>	

	<p>vinnig die drama hanteer of ons doen nie die Graad 11 voorgeskrewe drama nie, maar ons doen die Graad 12 een. So ek begin selekteer en ek kan nie met tweedetaal kinders die vertegnies middele werklik so hanteer soos by ander nie. Die kern van enige vraestel wat opgestel word vir tweedetaal is inhoudelik.</p> <p>En nou spandeer 'n mens soveel tyd aan hierdie harde terme en dit word nooit gevra nie. Daarom moet mens 'n studie maak van matriekvraestelle. Sodra jy dit gedoen het dan sien jy, luister ek hoef nie daai tipe slep heelyd te hanteer nie.</p>	
28	<p>Respondent 2: En die ongeluk is as mens te veel konsentreer daarop verloor die kind heeltemal belangstelling, want jy voel ek gaan nooit daarby uitkom nie.</p>	
29	<p>Respondent 1: Hy verstaan dit in elk geval nie. En dit is hoekom 'n mens moet na mekaar luister. 'n Mens moet hoor, dit is werklik so, addisionele taal is daar vir genot. Ek het haar nou na my klas toe laat kom met groepwerk in matriek, en julle kan haar vra daai kinders maak jou mal so neem hulle deel, want hulle, dit is lekker. Maar ons skryf more 'n toets, en ons doen konflik en ons doen karaktereienskappe, maar ons maak dit nie dat 'n kind teen die muur wil uitklim nie. Maar dit sê ek weer, dit kom na gelang van 'n mens se aard en jou bereidwilligheid om te beproef.</p>	
30	<p>Onderhoudvoerder: En ek dink die verskil, wat 'n mens moet beseef daar is 'n verskil in moedertaal en addisionele taal.</p>	
31	<p>Respondent 1: Jou doelwit is nie dieselfde nie. En mens kan vreeslik maklik, omdat kinders in huis staan, half by die skole waar jou kinders, jou dogters is of jou dogter was, is half afgerigte situasie. Hier kan ons nie 'n afgerigte situasie hê nie, hier hou ons skool, dit is die verskil. Ek meen die Juffrou in Volksskool gee vir die kinders 400 vrae oor Manaka, sy sien nooit die boek na nie, sy deel die memorandum uit en die kinders kry onderskeidings. Hier by my kan ek dit nie doen nie.</p>	
32	<p>Onderhoudvoerder: Nee, niemand gaan leer nie.</p>	
33	<p>Respondent 1: Ek moet elke freeken vraag met jou bespreek, en jou dit laat merk.</p> <p>Nou ja, jy sien.</p>	

34	Onderhoudvoerder: Nee dit is net totaal anders.	
35	Respondent 1: So die atmosfeer en klimaat in jou klas, moet een van leer op 'n informele basis wees. Jy hoef nie die tipe lap in die hand juffrou te wees om die dinge te laat hardloop nie. Nee, ons kan hier aan 'n ding koppel, en daar aan 'n ding en dit informeel. En die kind leer.	
36	Onderhoudvoerder: Nou wat geniet die kinders die meeste as julle met hulle werk? Letterkunde, of hou hulle van grammatika, hou hul van taalkunde?	
37	Respondent 2: By my geniet hulle nogal poësie, nie kortverhale regtig nie. Nou dink ek die kortverhale maar nou dink ek tot op hede was die keuse nie reg nie. So ek gaan bietjie kyk daarna, en hulle geniet kreatiewe skryfwerk baie.	
38	Onderhoudvoerder: Dis interessant, ne?	
39	Respondent 2: Daar het nou 'n kind na my toe gekom met so bundeltjie, dis nou Engels, maar daar gedigte wat sy bygeskryf het.	
40	Respondent 3: Ja, my kinders, hul hou van letterkunde, geniet nogal ons kortverhale, maar die taalwerk is vir hulle swaar, daarom hou hulle nie daarvan nie. Hulle sukkel met taalwerk, veral sinskonstruksie. Dit voel vir hulle asof hulle nooit daardie goed reg kry nie, en dan, dit vind ek is vir my kinder moeilik. Hulle hou nie van die taalwerk nie. Letterkunde, poësie umm, ja.	
41	Respondent 1: Afhangende van die poësie, want die matriekgedigte vrek hulle oor. Hulle ken hulle uit hulle kop uit. Soos daai Skipskop sing hulle en dit is vir hulle wonderlik. Dit gaan absoluut oor die keuse.	
42	Onderhoudvoerder: En die voorgeskrewe werk vir matrikulante, hou hulle daarvan?	
43	Respondent 1: By my hou hulle nie van die kortverhale, maar hulle hou van kortverhale, hulle hou nie van witmens kortverhale nie. Soos Niemandslaan, tensy ek dit werklik interessant vir hulle aanbied met die oorlog en goed. Iets wat ek gesien het waarvoor hul	

	doodgaan is Geskiedenis en niemand wil dit vir hulle gee nie. Die oomblik wanneer hulle verstaan hoe die ding werk dan hou hulle baie daarvan.	
44	Respondent 2: Dit is ook hoekom ek dit geniet om daardie Poppie boek te doen. Want weet jy dit is 'n wêreld wat hierdie swart kinders nie ken nie, want hulle kom nie uit Apartheid nie, hulle is daarna, hulle weet nie eers wat dit was nie. En as jy eers vir hulle begin vertel hoe was dit, jy weet daardie kinders is verstom. Dit geniet hulle nogal. Soos jy sê, dit is geskiedenis, hulle geniet dit.	
45	Respondent 1: Kyk as jy nou byvoorbeeld in Graad 10 klem lê op die roman of wat ook al en in Graad 11 doen jy die Drama skitterend. Jy trek hom uitmekaar, dit beteken vir hulle iets. En jy doen in Matriek die kortverhaal, dan het jy mos die verskillende genres hanteer. Waarom wil jy dan fokus op als. Ek het al in my lewe gedink daaraan, Weet jy wat ek sal dit in Graad 10 doen en dit bêre, dit in Graad 11 en dit bêre en in Matriek as enige iemand my iets vra dan het ek dit so. Want die probleem kom daarby in ons kyk ons vas teen die massas werk, maar ons kan planne maak. Ek weet mos nou wat word van my verwag, ek flippen weet mos nou aan die einde van matriek moet ek net poësie, ek kan kies. Nou moet ek mos met my verstand dinge begin uitwerk ter wille van myself.	
46	Onderhoudvoerder: Ek het ondervind, my probleem is dat ek dink die sillabus is te vol gepak. En as jy alles wil doen, raak jy mal, ek meen jy maak die ding oop en jy besef jy gaan nie klaar kry nie.	
47	Respondent 3: Dit is die een ding en die ander jy druk dit in die kind se keel af en die kinders word negatief.	
48	Respondent 1: Ek sou soos daar by jou by die Drama van Poppie die boek gaan bytrek, en ek sal vir die kind 'n hoofstuk daaruit doen.	
49	Onderhoudvoerder: Want daar is mos 'n skoolweergawe?	
50	Respondent 1: Verstaan my mooi, want waaroor gaan dit uiteindelik, gaan dit oor die boek wat gedoen moet word, of gaan dit oor die genre wat gehanteer moet word? So as ek die genre kan dek, en ek kan dit motiveer is daar niemand op hierdie aarde wat vir jou enige iets negatief kan sê nie. Jy kan die	

	kortverhale gebruik as die begripstoets. En dit is waar ek vir jou probeer sê gebruik jou kortverhale se begripoefeninge met begripvrae, dan het jy dit gedoen, maar jy fokus op 'n spesifieke section.	
51	Respondent 1: Maar nou ja, ek het nog nooit hier skoolgehou nie, ek wil graag nog hier skoolhou, want om vir Matrieks klas te gee is nie skoolhou nie.	
52	Onderhoudvoerder: Ek weet net mens moet met Graad 8's en 9's speel.	
53	Respondent 1: Dit is so. Ek sien nou weer met hierdie student in my klas, die manier wat sy vir hulle die opstel leer skryf het. Hulle werk so lekker daaraan saam en hulle geniet dit. En sy het nie eintlik 19 opstelle om te merk nie. Want gaan dit dat ek baie goed moet byskryf, of gaan dit daaroor dat die kind dit kan skryf? Mens moet by die doel uitkom.	
54	Onderhoudvoerder: En eintlik funksioneel, want hy moet dit kan gebruik as hy klaar is met matriek.	
55	Respondent 1: Maar dit is wanneer 'n mens te handboekgebonde is. Dan staar jy jou blind teen dit so handboek. Ek kom nie daarby uit nie, want die hoof het die periodes so lank. Nou verstaan jy dan, dan begin ek naderhand manies raak, rem my self af inplaas daarvan om dit te geniet. Want eintlik is dit so lekker. Ek sal heeldag skoolhou, want dit is vir my baie lekker.	
56	Onderhoudvoerder: Hoeveel periodes het julle vir byvoorbeeld die 8's en 9's per week?	
57	Respondent 3: Ses, ja ons het 'n siklus. Dit is baie min.	
58	Onderhoudvoerder: Dit is nog steeds te min. Ek wil net gou, gou hoor, moet julle ook so nuwe lees ding doen met die kinders wat van die Departement af kom? Met 'n leesperiode, want al die Laerskole is in rep en roer daaroor. Hulle het leërs ontvang en hulle moet daar, die periodes word korter gemaak sodat daar 'n leesperiode en 'n geletterheid/gesyferheidsperiode ingeruim sal word?	
59	Respondent 1: Nee, het nog niks gehoor nie. Jy sien as dit nie by die NKV ingedeel is nie, sal hulle nie dit by die	

	Hoërskole inwerk nie.	
60	Onderhoudvoerder: Ok, goed. Ek sien hulle het nou orals leërs aflewer by die Laerskole.	
61	Respondent 2: Dalk goeie nuus vir ons.	
62	Respondent 1: Jy moet dalk vir ons daarvan kry?	
63	Onderhoudvoerder: Ek probeer Loura, ek probeer. Ek het nou by ML Fick gevra. Ons was baie verbaas, Ria het vir my daarvan gesê, want iemand het vir haar daarvan gesê, en toe begin ek vra, want ons weet nie mooi wat aangaan nie, maar dit klink vir ons of hulle nou so gaan, elke skool moet 'n leesperiode hê, waar hulle dan net lees. Lyk my eenkeer 'n week. Ten minste begin hulle iewers, maar dit moet net reg aangebied word weer, anders help dit ook nie, dit moet nie 'n huiswerk periode word of iets van die aard nie.	
64	Respondent 1: En die ander ding is, wat 'n mens ook van vergewis is, huistaal kinder is kinders met 'n ander fokus, 'n eerste addisionele taal kind het weer 'n ander ingestelheid en uit die aard van hierdie kind se omstandighede het hul nie tyd vir huiswerk. Hier is kinder, ek het al vir kinders hier skoolgehou wat vanmiddag van die skool af huis toe gaan om wasgoed te was, dit te stryk en huis skoon te maak. En dan moet daardie kinders iewers nog huiswerk doen en dan het hul nie krag nie. Ons het nie so 'n druk sillabus dat ons nie werk in die klas kan doen nie. Mens kan dit nogal doen.	
65	Respondent 2: Wat ek daarvan hou is dat as die kind dan 'n probleem het, kan ek hom dadelik help, dan word dit nie 'n groter probleem nie.	
66	Onderhoudvoerder: Ek moet julle sê, ek word ook nogal geïrriteerd met my eie kind wat nou moedertaal goed doen, en dan kom sy by die huis, dan moet sy nou hierdie verskriklike internet soektog doen. Op die ou end kom dit op my af, want sy het sport tot wie weet watter tyd, wanneer moet ons nou daai goed doen. Dan moet ek boeke gaan uitneem en soek en dit en dan is ek somer kwaad. Want ek voel as jy regtig sulke goed wil doen, bring jy as onderwyser die bronne na die kind toe, dat hulle dit in die klas gebruik, want dit is wat hulle moet leer doen. Hulle moet nie daar gaan sit, en nou word dit op die	

	ouers gedump. En self tegniese goed, ek was baie kwaad as ek 'n windsak of 'n ding moet maak terwyl ek gun niks houtwerk...ek kan dit nie doen nie, ek het nie eers die apparaat nie.	
67	Respondent 3: Watse nut het die dit op die ou end vir die kind.	
68	Respondent 1: Jy sien dit waar die wit kind steeds die voordeel het. Die swart kind het nie ouers nie, hy het nie die ondersteuningstelsel nie	
69	Onderhoudvoerder: Daar is nie eers 'n biblioteek naby nie.	
70	Respondent 3: En die ouers was self nie eers op skool gewees nie, jy weet party se ouers kan nie eers lees nie.	
